24 Julie 2008
Jaargang 1 – Uitgawe 20

e Hervormer

www.hervormer.co.za

In hierdie uitgawe…

Voorblad
Kerknuus:
Beroepenuus
Nuus oor predikante
Bedieningsnuus
Advertensies en kennisgewings
Sinodaal

Voorblad

Skrifbeskouing

Dr Gert Malan se handleiding oor Skrifbeskouing is nou beskikbaar by SENTIK. Die titel van die publikasie is *Om die Bybel (beter) te verstaan.* Dit is ’n handige hulpmiddel vir ampsdraers en lidmate wat meer te wete wil kom oor die Nederduitsch Hervormde Kerk se siening van die Bybel. Dit is duidelik en verstaanbaar, en slaag daarin om die kloof tussen die akademiese opleiding van predikante en die lidmaat se gebruik van die Bybel te oorbrug.

Die handleiding bestaan uit twee dele. In die eerste deel word die ontstaan en inhoud van die Bybel oorsigtelik bespreek. Die tweede deel handel oor sake soos geloof en waarheid, die gesag van die Bybel, eksegese, hermeneutiek en dogmatiek. Die verhouding tussen die Nederlandse Geloofsbelydenis en die Bybel word ook bespreek. In die hoofstuk oor fundamentalisme word ernstig gewaarsku teen die gevaar van ’n fundamentalistiese lees van die Bybel. Die grootste waarde van die publikasie lê waarskynlik in die praktiese voorbeelde wat bespreek word. In hierdie hoofstuk word kwessies bespreek wat vandag baie relevant is, soos siekte, lyding, doop, homoseksualiteit, die huwelik en egskeiding, die *Da Vinci Code* en die Evangelie van Judas. Die publikasie sluit af met as bylaag die memorandum van die Kommissie van die Algemene Kerkvergadering oor die Skrifbeskouing van die Kerk.

Die publikasie kan by SENTIK bestel word teen R30. Bestellings kan by mev Susann van Zyl geplaas word by 012 322 8885. Die publikasie word aanbeveel vir alle predikante, ampsdraers, Bybelstudiegroepe en lidmate wat belangstel. Prof Theuns Dreyer, voorsitter van die Kommissie van die Algemene Kerkvergadering, sê in die voorwoord: *Hierdie publikasie van dr Gert Malan is bedoel om lidmate te help om die Bybel reg te lees en beter te verstaan.* Die Kommissie van die Algemene kerkvergadering het met instemming kennis geneem van die publikasie en beveel dit aan.

— Dr Gerhard Lindeque

Kontakbesonderhede:

Webwerwe/-skakels:
Webblad van die Hervormde Kerk - www.nhk.co.za
Hervormer webwerf - www.hervormer.co.za
e-Hervormer - www.hervormer.co.za/page03.html
Hervormer LIG! - www.hervormer.co.za/page04.html

E-posadresse:
Redaksie - epos@hervormer.co.za
Nuus en berigte - nuus@hervormer.co.za

Inhoud:

Die *e*-Hervormer word uitgegee onder redaksie van *Die Hervormer*. Alle artikels, advertensies en kennisgewings is onderhewig aan goedkeuring deur die redaksie.

Die *Kerknuus* word saamgestel deur dr Fanie Pretorius, sekretaris van die kantoor van die Kommissie van die AKV.

Teken in op *e*-Hervormer...

Teken in op *e*-Hervormer en ontvang elke uitgawe per e-pos!

Stuur ’n e-pos na epos@hervormer.co.za of besoek die webwerf by www.hervormer.co.za en kliek op die ‘Teken in’-opsie.

Kerknuus

BEROEPENUUS

►**Beroepe ontvang**

Ds Gerrie Senekal van Lichtenburg na Premiermyn

Ds Johan du Preez van Welgelegen-Pietersburg na Van der Hoff

Ds Fanie Beukes van Witbank na Wesmoot

Ds Dirk van Rooyen van Krugersdorp-Wes na Carletonville

NUUS OOR PREDIKANTE

► **Prop Jasper van der Westhuizen** en sy gesin word op Sondag 27 Julie deur die kombinasie Hendrina/Breyten ontvang. Prof Ernest van Eck bevestig hom in sy amp en daarna lewer hy sy intreepreek. Die kombinasie is vakant sedert die vertrek van dr Christo Pretorius na Gemeente Pretoria.

Terug na Voorblad

► **Ds Dirk Stoltz** aanvaar op Sondag 27 Julie emeritaat. Hy lei die erediens in Gemeente Tzaneen. 'n Lid van die Kommissie van die Algemene Kerkvergadering sal die emeritaatakte aan ds Stoltz oorhandig. Ds Stoltz het die gemeentes Zesfontein, Vaalharts, Koornfontein en Carletonville bedien voordat hy medies ongeskik verklaar is. Sy seun, Gerhard, is tans predikant van Magaliesburg en sy skoonseun, ds Robert Jones, is predikant van Oudtshoorn. Sy swaer is ds Gerrie Grobler, wat reeds emeritaat aanvaar het.

► **Ds Jan Wilson,** wat mooi herstel het na sy beroerteaanvalle, is weer siek. Kanker is ook by sy vrou gediagnoseer. Voorbidding word vir dié pastoriegesin gevra wat tans ernstig beproef word.

► Mev Mariëtte Labuschagne, eggenote van **ds Frikkie Labuschagne**, is ernstig siek. Die Kerk se voorbidding word vir haar en haar gesin gevra.

► **Ds Thinus McDonald** se moeder is onlangs oorlede. Sy het die afgelope jare by hom ingewoon en het ywerig deelgeneem aan sy gemeentelike aktiwiteite. Meelewing word namens die hele Kerk aan ds McDonald en sy familie betuig.

► **Predikante vanjaar 50 jaar in die bediening**

Op 12 Junie het die groepie van drie predikante wat vanjaar 50 jaar in die bediening is, soos dit elke jaar die gebruik is, saam met die Kommissie van die AKV middagete geniet. By die geleentheid het dr Daan van Wyk (jr), visevoorsitter van die Kommissie, die woord gevoer en iets oor die lewens en bediening van die drie predikante gesê. Op die foto verskyn ds Louis Nel en sy vrou, Koot, ds Koos Snyman saam met sy dogter, Johanna, by wie hy tans woon, en ds Jan Schroeder en sy vrou, Rita. Ds Nico van Rensburg, wat in daardie stadium nog in die gemeentes Dordrecht en Queenstown tydelik uitgehelp het met prediking en krisispastoraat, kon nie die geleentheid bywoon nie. Hy vier later vanjaar sy 50ste ampsjubileum.

BEDIENINGSNUUS

■ **Zimbabwe**
Oudl Rinus Graü rig die volgende dankwoord:

Dit is wonderlik wat almal daar uit Suid-Afrika vir ons doen en die bystand wat ons in die Here se Naam ontvang. Ek voel nou sommer ook baie beter nadat ek gesien het dat die mense op Bulawayo, Masvingo, Gweru, Zvishavane, Kwekwe, Kadoma, Harare en Chivhu so goed versorg word. Dit bly vir my altyd 'n bekommernis hoe diegene wat ons nie kan bystaan nie, oor die weg kom in hierdie moeilike omstandighede. Dit troos 'n mens regtig om te sien hoe die Here dié inspan wat kan help en hulle voete lei na diegene met behoefte. En dan, boonop, te verseker dat daar mense is wat dit alles bymekaar trek om te verseker dat dit op die beste wyse moontlik kan plaasvind. Weer eens baie dankie daarvoor.

Terug na Voorblad

Ons is immers bevoorreg dat God se planne vir ons, sy volk hier in Zimbabwe, so werk dat ons eers moet sukkel en beproef word om ons in ons geloof te versterk, voordat ons weer vorentoe mag stap in sy Naam. En daarby stel Hy ons almal voor aan ons naastes, dié wat met liefdadigheid en ope harte ons omhels en dra in hulle gebede, maar ook dié wat nóg minder bevoorreg is as onsself. Vir elke behoefte het die Here iets of iemand wat, deur die werk van die Heilige Gees, daarvoor sal sorg. Mag ons altyd bewus wees wanneer Hy met ons praat en ons roep om so op te tree teenoor ons naastes ... wie of waar ook al dit mag wees.

Die lidmate in Suid-Afrika het die woorde van Romeine 15:1 (Ou Vertaling) "En op ons wat sterk is, rus die verpligting om die swakhede te dra van die wat nie sterk is nie, en nie onsself te behaag nie" deeglik omhels, en so ook het ons in Zimbabwe Psalm 146:5 "Welgeluksalig is hy wat die God van Jakob het as sy hulp, wie se hoop is op die Here sy God" om ons te dra oor die klippe wat nog voorlê.

Net gedink om so 'n bietjie Zim-ekonomie te deel met julle:

		02 Januarie	02 Julie	09 Julie
Badseep	250 g	5 00 000	20 000 000 000	30 000 000 000
Brood	1	3 000 000	30 000 000 000	45 000 000 000
Bus		1 500 000	10 000 000 000	20 000 000 000
Kanferroom	500 ml	9 600 000	215 000 000 000	300 000 000 000
Hoender	1	45 000 000	360 000 000	400 000 000 000
Koeldrank (Mazoe)	2 L	36 000 000	120 000 000 000	150 000 000 000
Kookolie	2 L	50 000 000 000	250 000 000 000	300 000 000 000
Melk	500 ml	4 200 000	20 000 000 000	30 000 000 000
Mieliemeel	10 kg	37 000 000	100 000 000 000	150 000 000 000
Rys	2 kg	30 000 000	400 000 000 000	1 000 000 000 000
Suiker – bruin	2 kg	10 000 000	45 000 000 000	55 000 000 000
Suiker - wit	2 kg	12 000 000	50 000 000 000	60 000 000 000
Tee	125 g	1 300 000	34 000 000 000	45 000 000 000
Waspoeier	750 g	9 400 000	59 000 000 000	79 000 000 000

		GISTER	**~~Môre~~ Netnou**
Aartappels	5	1 500 000 000	Alles nog baie meer
Appel	1	55 000 000 000	
Badseep	250 g	100 000 000 000	
Besem	1	1 800 000 000 000	
Brandstof	1 L	350 000 000 000	
Ertjies	500 g	90 000 000 000	
Groen seep	1 kg	90 000 000 000	
Kerse	6	90 000 000 000	
Koekmeel	2 kg	300 000 000 000	
Koerant (FinGaz)	1	150 000 000 000	
Kookolie	750 ml	150 000 000 000	
Melk	2 L	140 000 000 000	
Suiker	2 kg	80 000 000 000	
Tandarts (stop)	1	25 000 000 000 000	
Tandepasta	100 ml	120 000 000 000	
Waspoeier	750 g	525 000 000 000	

Pensioen = tussen $5 – 50 biljoen.

Ek het in 2005 my Land Cruiser vir $3,5 miljoen gekoop. In Augustus 2006 het hulle 3 nulle afgeslaan, dus 1 Cruiser $350 000. Vandag sal dit my $49 triljoen kos om die tenk vol te maak.

Terug na Voorblad

■ **Dr Wilhelm Coetzer** en sy vrou, Tessa, het die afgelope naweek besoek afgelê by die lidmate in Bulawayo. Hulle besoek was voorspoedig en geslaagd.
Naas die hou van die erediens het dr Wilhelm by lidmate huisbesoek gedoen en Tessa het geleentheid gekry om met enkele vroue in die gemeente oor die nood wat hulle beleef, te praat. Dit is duidelik dat die spanningsvlak by vroue veral hoog is weens die onseker toestande in die land. Die gemeente en bediening is steeds vir die lidmate 'n anker. Genadiglik kon in hierdie tyd voortgegaan word met die versorging van ons lidmate in die hele Zimbabwe.

■ **Di Petri van Rooyen en Louis Venter,** wat die vorige naweek besoek in Harare moes aflê, het dit ongelukkig nie verder as Rutenga gemaak nie. Die Kombi se immobiliseerder het soek geraak en die voertuig moes teruggesleep word tot in Louis Trichardt. Dankie aan ds Barrie Oberholzer wat sy lewe met die twee jong dominees gewaag het en aan ds Phillip Horn wat hulle versorg en gekalmeer het en ook toegesien het dat die Kombi herstel word. Gelukkig kon die kosvoorrade intussen na Harare geneem word. Die twee predikante kry 'n hereksamen. Ds Louis se woordeskat het gelukkig blykbaar goed ontwikkel.

Ds Louis Venter

Ds Petri van Rooyen

■ **NHK WITPOORTJIE 50-JARIGE FEES**
Gemeente Witpoortjie is hierdie jaar 50 jaar oud en almal word genooi om die heuglike gebeurtenis saam met die gemeentelede te vier. Die feesvieringe sal soos volg verloop:

- 31/08/08 om 09:00 — Voorbereidingsdiens (ds Andries Nel) en dankoffergeleentheid.
- 05/09/08 vanaf 18:00 — Kampvuurgeselligheid met kunstenaars.
- 06/09/08 vanaf 08:30 — Karnaval, stalletjies & osbraai. Verhuring van stalletjies @ R100 per stalletjie. Osbraaikaartjies beskikbaar @ R40 per persoon.
- 07/09/08 om 11:00 — Erediens gelei deur ds Martyn Redelinghuys en Nagmaalbediening waargeneem deur vorige predikante van die gemeente.
- 14/09/08 om 09:00 — Dankseggingsdiens gelei deur ds Rassie Smit.

Kontakpersone: Hermann & Fienie Piater (082 445 0402); Kobie & Miemie Wolmarans (011 762 6372 / 082 492 4794); Susan & Dolf Koekemoer (011 955 2933); Willie & Petro Matthews (011 664 6526 / 084 206 2655); Anna-Marie Seyffert (083 391 9898); Gerhard & Rudi de Witt (084 508 3314 / 079 496 0037) & ds Andries & Lottie Nel (011 762 1633 / 083 228 2338).

Advertensies en kennisgewings

● **GEMEENTE OOS-LONDEN: VAKANTE DEELSORG PREDIKANTSTANDPLAAS**

Aansoeke van geordende predikante van die Kerk word ingewag vir die vakante standplaas. Emerituspredikante wat bereid is om as 'n brugpredikant in die gemeente te werk, is ook welkom om aansoek te doen, maar voorkeur sal gegee word aan aansoeke van geordende predikante.

Aansoeke en verdere besonderhede
Aansoeke moet vergesel wees van 'n CV, met vermelding van bedieningsvoorkeure en bepaalde gawes.
Aansoeke en navrae moet gerig word aan: Oudl Freek Venter, Skriba, Posbus 2217, Beaconbaai (5205) of per e-pos: **freekv@absamail.co.za**
Verdere inligting kan van oudl Chris Dreyer by 083 268 1292 bekom word.
Sluitingsdatum: Maandag 28 Julie 2008

Terug na Voorblad

- **Aansoeke ingewag vir die pos: SEKRETARIS IN KERKVERBAND – BYBELGENOOTSKAP**

Die Bybelgenootskap wil graag in samewerking met die Kommissie van die Algemene Kerkvergadering 'n opvolger vir ds WH Steyn aanwys wat op 1 November 2008 diens kan aanvaar.

Die kandidaat moet aan die volgende vereistes voldoen:

KWALIFIKASIES EN ERVARING
Aansoeker moet 'n geordende leraar van die Nederduitsch Hervormde Kerk van Afrika wees. Ervaring in die gemeentelike bediening is 'n vereiste.

PERSOONSVEREISTES EN VAARDIGHEDE
Entoesiastiese persoon met taalvaardigheid en goeie menseverhoudinge. Moet in spanverband kan funksioneer en oor besondere organisasievermoë en administratiewe en rekenaarvaardighede beskik.

PLIGTE EN VERANTWOORDELIKHEDE
Promosie en bekendstelling van die Bybelgenootskap en Bybelwerk aan kerke, organisasies en individue op 'n beplande wyse en soos ooreengekom.

Dit behels onder andere besoeke aan gemeentes, ringe, ander kerkvergaderings, sinodes (volgens die struktuur van die verskillende kerke wat die persoon se verantwoordelikheid is) en ander instansies soos besighede, organisasies, skole, ensovoorts, asook persoonlike kontak en skakeling met individue.

Die opstel van bekendstellingsplanne en 'n bemarkingstrategie aan die hand van bestaande aksieplanne. Spesiale projekte vir fondsinsameling word gedoen in streekverband, tussen streke van die Bybelgenootskap, en word ook van tyd tot tyd op nasionale vlak aangepak. (Daar word van die Sekretaris verwag om daarby betrokke te wees.)

Kantooradministrasie
Hantering van korrespondensie en skakeling met donateurs. Bedankingsbriewe aan donateurs, opstel van omsendbriewe en inligtingstukke. Voorbereiding, aanbieding en afsending van verslae.

Vergaderings
Bywoning van interne vergaderings, Streekraadsvergaderings en nasionale vergaderings, soos van tyd tot tyd gereël. Uit die aard van die pos is tweetaligheid 'n vereiste.

VERGOEDINGSPAKKET
Onderhandelbaar

DIENSAANVAARDING
1 November 2008 of so gou moontlik

SLUITINGSDATUM VIR AANSOEKE
31 Augustus 2008

NAVRAE
Die Administrateur, mnr JF Viljoen, by telnr 012 322 8885

AANSOEKE MET CV AAN
Die Mannekragbestuurder
Mnr P Beukes
Posbus 2368
PRETORIA
0001

Terug na Voorblad

Basaar en Trekkerskou

Nederduitsch Hervormde Kerk, Middelburg, Mpumalanga
Datum: 2 Augustus 2008
Plek: hv Bhimy Dlamini (Voortrekkerstr) en Cowen Ntuli (Hendrik Potgieterstr)
Basaar bied: Stalletjies (kos en ander), speletjies asook stoomtrein- en trekkerritte vir die kinders
Trekkerskou bied: Uitstalling van ou en nuwe trekkers sowel as gerestoureerde trekkers + inligtingsboekie met besonderhede van trekkers wat op skou is
Kontak: 013 243 3949

■ **NAVI REDD. Suid-Afrika se top a cappella-groep tree op in die Kempton Park Burgersentrum**.
Vir meer inligting oor NAVI REDD besoek gerus hul webwerf by www.naviredd.co.za

Datum: 16 Augustus 2008
Tyd: 18:00 vir 19:00
Koste: Kaartjies wissel van R50 tot R120 per persoon

U kan Anneline of Rita kontak vir bespreking of verdere inligting by die onderskeie nommers 082 9247 344 of 082 323 5609.
Fondse ten bate van die NHKA Kemptonpark-Oos. God se hawe van hulp en hoop. www.kpo.co.za

■ **Jagkompetisie aangebied deur Gemeente Louis Trichardt**
'n Eland, blouwildebees en rooibok in 'n jagpakket teen net R150 per inskrywing! Dit is wat u kan wen. Die jaggeleentheid vir die wenner en een metgesel strek vanaf Donderdag 28 tot Sondag 31 Augustus 2008. Dit vind plaas op Plaas Hermanus van mnr Willem van der Merwe in die Soutpansberg-distrik (ongeveer 450 km vanaf Pretoria). U bring net u eie kos, drinkgoed, beddegoed en handdoeke. Sou u nie al drie spesies met hierdie geleentheid kon skiet nie, kan dit met 'n ander geleentheid gebeur in oorleg met die plaaseienaar. Indien u glad nie jag nie maar wel die vleis of biltong wil hê, kan u iemand anders in u plek stuur. Andersins kan u die jagtydperk in die pragtige bosveld kom geniet terwyl die plaaseienaar vir u die jagwerk doen. Dit is vanjaar die enigste jaggeleentheid op die plaas aangesien die plaaseienaar geen ander jaggeleenthede vir vanjaar toelaat nie. Die inskrywings sluit op 1 Augustus 2008. Gemeentes en skole kan gerus ook inskryf en, sou hulle wen, kan hulle óf die wild kom skiet óf dit weer as 'n kompetisie ten bate van hulle eie fondse aanbied.
Kontak ds Phillip Horn by 015 516 0550 of Willem van der Merwe by 082 257 7482.

Horison Bergfietspretresies

Datum: Saterdag 16 Augustus 2008
Tyd: 07:00 – 12:00
Plek: Logwood Bike Haven, Muldersdrift
Spanne: 2 – 5 fietsryers per span/aflos
Koste: R200 per span
Kontak: Bets 083 408 4005
Tinus 082 577 4067
Inskrywings: Enteronline (www.entrytime.com)
Meer inligting: www.nhk.org.za

PRET VIR OUD EN JONK! VERMAAK VIR DIE KINDERS!
HEERLIKE EETGOED TE KOOP!

Terug na Voorblad

■ **BUFFELFEES : 1-3 AUGUSTUS 2008**

Gemeente Marikana se jaarlikse Buffelfees vind plaas oor die naweek van 1 tot 3 Augustus 2008 by ATKV Buffelspoort. Sowat 4 000 mense word by die fees verwag.

Die fees begin die Vrydagaand met die gewilde storievertellervermaak, **Maak-'n-Las**, wat deur Zack du Plessis aangebied word. Gaste op die program sluit die alomgewilde oud-SA krieketspeler Fanie de Villiers in, die veelsydige vermaaklikheidster Dusty Gibson en nog vele ander. Verskeie aanloklike pryse en spesiale aanbiedings by verskillende vakansie-oorde kan ook dié aand opgeraap word.

Kaartjies vir die vertoning beloop R200 per persoon en sluit 'n smullekker potjiekosete in soos net Andries Krogmann dit kan voorberei, asook 'n kaartjie vir die prystrekking van 'n jagpakket met 'n totale waarde van R35 000.

Die Saterdag tree 'n verskeidenheid sang- en vermaaklikheidskunstenaars vanaf 09:00 tot laatmiddag op. Heelwat boere- en kunsmarkstalletjies sal ook produkte uitstal. Ander aktiwiteite sluit 'n babakompetisie, kleuteratletiek en landloop in.

Kom smul gerus aan die spesiale resep buffelwors, -biltong en -*platters*, asook verskeie ander kosbedienings. Vir kinders en energiekes is 'n klimmuur en heelwat ander vermaak beskikbaar. Die fees word Sondag afgesluit met 'n erediens in die Buffelsaal.

Vir **besprekings** van kaartjies vir Maak-'n-Las of stalletjies kan die volgende nommers geskakel word: Sarie (014 572 3125), ds Neels van Tonder (072 633 3367), Hennie (083 325 3177). Daar is nog beperkte plek beskikbaar vir feesgangers wat vir die hele naweek by die oord wil bespreek.

■ **Prof Bieks Beukes** is tans beskikbaar vir onderstaande dienswerk in die Kerk:
Gewone eredienste en bevestiging van huwelike.

Brugpredikant:
- Om vakante gemeentes vir enkele maande (of so lank as wat nodig is) te help om te beroep of om oor te gaan na 'n ander bedieningsfase.
- Om gemeentes wat in 'n doodloopstraat beland het, in die kortste moontlike tyd te lei om hoopvol weer die toekoms in te gaan.

Senior lidmate
- Begeleiding, ondersteuning en toerusting deur middel van diensgroepe, Bybelstudie, sieke- en hospitaalbesoek, traumahantering, pastorale gesprekke, uitstappies, toere en fondsinsameling.

Ander gemeentewerk
- Begeleiding van persone wat trauma beleef.
- Assessering en terapeutiese begeleiding van huwelik-ouerkind-probleme.
- Toerusting op elke terrein van die bediening.
- Implementering en instandhouding van 'n gemeentebouprogram.
- Beplanning en generering van fondse.
- Kerkbestuur (beplanning, organisering, leiding, kontrole).

Prof Beukes het jare se ondervinding van gemeentewerk, opleiding en voortgesette opleiding van predikante, veral wat praktiese werk in gemeentes betref. Verder was hy betrokke by die ontwerp en aanbieding van kursusse in die Kerk. Gedurende die laaste twee jaar het hy as brugpredikant twee gemeentes gehelp om weer goed te funksioneer.

Hy het ook die onderstaande spesialiteitskursusse voltooi:
- Gewone en gevorderde kursusse in beplanning en bestuur
- Kurrikulumontwerp

Terug na Voorblad

- Kursus in beïnvloedingsvaardigheid
- GETP-kursus
- Getrouegetuiekursus
- RP-kliniek se kursus in huweliksberading en hantering van trauma op verskillende terreine

Verwysings: Dr SP Pretorius (Kerkkantoor) 012 322 8885
Dr JC van der Merwe (Kemptonpark-Oos) 082 859 7412

Prof Beukes se adres en telefoonnommer is:

Privaatsak X09
Suite 415 Postnet
Queenswood
072 036 4960

■ **Gemeente Alberton** bied op 1 Augustus 'n *Eden*-konsert by die *Alberton Rugby Stadium* aan. Kaartjies is R60 per persoon. Die konsert begin om 19:00 maar die hekke open reeds om 17:00. Daar sal verskeie kosstalletjies wees, onder andere pannekoek, ribrolle, boereworsrolle, *cheese grillers*, sop en broodjies. Koeldranke sal te koop wees. Bring asseblief kampstoele en komberse saam.

Kom kuier saam met *Eden* en geniet terselfdertyd jou aandete.

Vir kaartjies, kontak Ronell Ohlms 011 907 4598/084 251 2550/conveyancing@heysteka.co.za of Rosina Price 011 869 8824/084 816 2392.
Maak gou. Hierdie is tans een van Suid-Afrika se gewildste Afrikaanse sanggroepe!

■ **JAARLIKSE MUSIEKFEES – Krugersdorp-Noord**

Gemeente Krugersdorp-Noord bied weer hul jaarlikse Musiekfees aan op Vrydagaand 22 Augustus 2008 om 19:00 in die Klipkerk, hv Kruger- en Presidentstraat, Krugersdorp.
Die F # koor onder leiding van Attie Rossouw tree op. Attie rig verskeie kore af. Die orreluitvoering word gedoen deur Janandi van Schoor, wat so pas 'n CD uitgereik het saam met Wim Viljoen en ander kunstenaars.
Saam met haar tree ook die violis Günther Höne en die hobospeler Cameran Harris op.

Plaaslike kunstenaars tree ook op: Hoërskool Noordheuwel se koor, Paul Obermeyr, Marius Mynhardt, Rianda Fourie. Samesang sal ook plaasvind. Moenie hierdie uitmuntende geleentheid misloop nie.

Navrae: Ds Johan en Marita Fourie 011 953 1402 / 072 278 1456. Koste is R50.

■ **BYBEL PRETLOOP**
Plek: Voortrekkermonument
Datum: 9 Augustus 2008
Afstand: 5 km en 10 km
Tyd: 08:00
Medaljes vir almal. Navrae:
082 962 2870 of 012 370 3513

Terug na Voorblad

- **Die administrateur,** mnr Kobus Viljoen, is tans met sy jaarlikse vakansie in die Wildtuin. Enige navrae wat gewoonlik aan hom gerig word, moet intussen aan mnr Elmar Struwig, hoofrekenmeester, gerig word.

- Die volgende **vergaderings word in die Raadsaal**, Dirk van der Hoffgebou, Pretoria gehou:

  - Die **Taakspan** vergader op Maandag 28 Julie om 09:00
  - Die **Beurskomitee van die Kuratorium** vergader op Dinsdag 29 Julie om 14:00
  - Die **Dagbestuur van die Kinderhuise** vergader op Woensdag 30 Julie om 09:00

- Die volgende vergaderings vind by die gewone vergaderplekke plaas:

  - Die **Dagbestuur van die Komitee vir** AIM vergader op Woensdag 30 Julie om 09:00
  - Die **Bestuurskomitee van Ons Tuis** vergader op Donderdag 31 Julie om 13:30

- **UITNODIGING NA OPENBARE LESINGS EN SIMPOSIUM OOR PUBLIEKE TEOLOGIE 4 EN 5 AUGUSTUS 2008**

Prof William Storrar, 'n leidinggewende publieke teoloog, eerste president van die Global Network for Public Theology en huidige direkteur van die Center of Theological Inquiry, Princeton, VSA, besoek op 4 en 5 Augustus die Fakulteit Teologie van die Universiteit van Pretoria op uitnodiging van die Sentrum vir Publieke Teologie.

Prof Storrar sal Maandagoggend 4 Augustus vanaf 09:00 twee openbare lesings oor die tema *Public theology in a global era* in die Inligtingstegnologiegebou saal 2-27 op die hoofkampus van UP hou. Die eerste het as onderwerp: *Public anger: creating an inclusive global public sphere* en die tweede *Public spirit: the global citizens' gift*. U word hartlik uitgenooi om dit by te woon en ook vriende saam te bring.

Die openbare lesings word opgevolg met 'n simposium waar 'n tiental leidinggewende publieke teoloë in Suid-Afrika in respons op prof Storrar hul eie visie sal bied oor *Responsible South African public theology in a global era: perspectives and proposals*. Dié simposium sal Maandag 4 Augustus van 14:00-17:30 en Dinsdag 5 Augustus van 09:00-16:00 duur. Dit word gehou in 'n kleinerige seminaarkamer by die NG Gemeente Pretoria-Oos se kerkkompleks. Ons het nog ruimte vir slegs 15 persone wat die simposium wil bywoon. Bywoning sal R120 kos (middagetes Maandag en Dinsdag asook tee en koffie ingesluit). Indien u die simposium wil bywoon, laat weet prof Etienne de Villiers, die direkteur van die Sentrum vir Publieke Teologie, asseblief onmiddellik per e-pos (e-posadres: etienne.devilliers@up.ac.za). Dit is 'n geval van eerste kom, eerste maal.

Sperdatum vir berigte, advertensies en kennisgewings

Lesers moet asseblief daarop let dat alle berigte, advertensies en kennisgewings vir publikasie in die *e-Hervormer* voor **Dinsdae om 17:00** gestuur moet word aan *nuus@hervormer.co.za*. Insette wat later as hierdie spertyd ontvang word, sal eers in die volgende week se uitgawe verskyn. Alle insette is onderhewig aan goedkeuring en redaksionele verandering waar nodig.

Terug na Voorblad